**PERSOONLIKE NOTAS**

Johannes die Doper het 'n waarheid in een eenvoudige sin saamgevat toe hy gesê het:

*"Hy moet meer word, maar ek minder."* (Joh. 3:30)

Dit is presies wat in hierdie proses gebeur. Elke keer wanneer ek kies om nie terug te kap met my woorde nie; elke keer wanneer ek besluit om te vergewe eerder as om terug te betaal; elke keer wanneer ek my eie trots prysgee om vrede te bewaar, word die eie-ek 'n bietjie kleiner en word Christus 'n bietjie groter in my lewe.

**Lesing 3: Wanneer God mense gebruik om Christus in ons te vorm**

**Yster slyp yster**

*"Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander." Spr. 27:17*

Wanneer ons na die skepping kyk, sien ons oral God se kreatiwiteit. Geen twee sneeuvlokkies is identies nie. Geen twee vingerafdrukke is dieselfde nie. Net so is geen twee mense presies eenders geskape nie. God vervaardig nie mense soos 'n fabriek worsies vervaardig nie. Elkeen dra 'n unieke persoonlikheid, temperament, gawes en lewenspad. Juis daarom bots mense soms met mekaar. Wat vir een persoon natuurlik is, kan vir 'n ander persoon moeilik wees om te verstaan. Die Here gebruik egter juis hierdie verskille om ons te vorm.

Miskien leef jy saam met iemand wat jou geduld daagliks toets. Dalk is dit 'n huweliksmaat, 'n kollega, 'n werkgewer of selfs iemand in jou vriendekring. Daar is mense wie se persoonlikhede soos growwe skuurpapier voel. Hulle sê of doen dinge wat jou maklik kan irriteer. Ander kere is dit nie eers 'n persoon nie, maar moeilike omstandighede wat jou druk. Tog vra die Here ons om verder te kyk as die ongemak van die oomblik.

Wanneer Spreuke sê dat yster yster slyp, beskryf dit nie 'n gemaklike proses nie. Twee stukke yster wat teen mekaar skuur, veroorsaak hitte, weerstand en selfs vonke. Maar die doel van die skuur is nie vernietiging nie; dit is verfyning. Net so is dit dikwels die mense wat ons die meeste uitdaag wat God gebruik om die diepste werk in ons binneste te doen.

Die doel van hierdie *"yster slyp yster"*-proses is nie bloot dat ons meer geduldig, vriendelik of verdraagsaam sal word nie. God se uiteindelike doel is baie groter. Paulus skryf immers in Romeine 8:28-29 dat God alles laat meewerk ten goede vir dié wat Hom liefhet, sodat hulle aan die beeld van Sy Seun gelykvormig kan word. Elke moeilike ontmoeting, elke teleurstelling en selfs elke konflik word uiteindelik 'n werktuig in die hand van die Groot Beeldhouer. Soos 'n beeldhouer met geduld stukke marmer wegkap totdat die beeld binne-in die klip sigbaar word, so verwyder God deur die mense rondom ons alles wat nie Christus weerspieël nie.

Daarom moet ons versigtig wees om mense nie te vinnig te oordeel nie. Die persoon wat jou vandag die meeste frustreer, mag juis die gereedskap wees wat God gebruik om jou karakter te vorm. Ander kere is die rolle omgeruil, en is jy die stuk yster waarmee God besig is om iemand anders te slyp. Ons almal bevind ons beurtelings aan albei kante van hierdie proses. Daarom waarsku Jesaja 58:5-12 ons teen vingerwys en skuldprojeksie. Solank ons ander blameer vir alles wat verkeerd loop, mis ons die geleentheid om te vra: *"Here, wat wil U deur hierdie situasie in my vorm?"*

Dink vir ‘n oomblik aan Noag se ark. Wanneer ons aan die ark dink, dink ons dikwels aan die diere twee-twee wat ingestap het. Maar stel jou die werklikheid daarvan voor. Broer Buffel, Suster Ystervark, Meneer Leeu en Mevrou Skapie moes almal vir maande saam in dieselfde ruimte leef. Daar was waarskynlik baie min privaatheid en baie geleenthede vir irritasie. Tog het God hulle saam in dieselfde ark geplaas.

Is dit nie ook ‘n prentjie van die Liggaam van Christus nie?

**Een Liggaam, baie lede**

Paulus gebruik presies hierdie beeld wanneer hy aan die Korinthiërs skryf in 1 Korinthiërs 12:12 vanuit The Message:

*“You can easily enough see how this kind of thing works by looking no further than your own body. Your body has many parts (limbs, organs, cells) but no matter how many parts you can name, you're still one body. It’s exactly the same with Christ.”*

Geen liggaamsdeel leef vir homself nie. Die oog probeer nie die hand word nie. Die voet is nie jaloers op die oor nie. Elkeen vervul sy eie funksie, maar almal dien dieselfde liggaam. So behoort dit ook onder Christene te wees.

Wanneer Christus werklik die Hoof van Sy Liggaam is, begin ons mekaar nie meer sien as mededingers of vyande nie, maar as mede-erfgename van dieselfde genade. Dan word selfs moeilike mense instrumente waardeur God ons leer om lief te hê soos Hy liefhet.

Slegs wanneer die gesindheid van Christus ons denke begin beheer, word ware vrede moontlik. Vrede is nie die afwesigheid van moeilike mense nie; vrede is die teenwoordigheid van Christus in die middel van moeilike mense.

**Die lewe sonder Christus**

Die Bybel skets die toestand van die natuurlike mens sonder Christus met opvallende eerlikheid.

Titus 3:3 beskryf dit soos volg:

*“Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op ‘n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.”*

Hierdie beskrywing is nie bedoel om mense te verneder nie. Dit openbaar bloot wat met die mens gebeur wanneer hy afgesny leef van die Bron van liefde. Die natuurlike mens leef vanuit die eie-ek. Hy beskerm homself, verdedig homself en hou boek van elke onreg wat hom aangedoen is. Daarom vind bitterheid so maklik ‘n tuiste in die menslike hart.

**PERSOONLIKE NOTAS**

Saai vryspraak en vergifnis en oes vrede en vreugde!

PERSOONLIKE NOTAS

Malcolm Smith verwoord dit treffend in sy boek Forgiveness:

*"Forgiving means that we can remember the incident as an item of history, but all the poison has been drained out of it, and it is no longer active in our life today."*

Dit is juis waarna Christus ons uitnooi: nie om die verlede uit ons geheue uit te vee nie, maar om Hom toe te laat om die gif uit die herinnering te haal, sodat die verlede nie langer die hede beheer nie.

Maar wanneer 'n mens Jesus Christus as Verlosser aanneem, vind daar iets wonderliks plaas. Die Bybel noem dit **versoening.** Versoening beteken dat die vrede tussen God en die mens herstel word. Die vyandskap is beëindig. Christus het die muur van skeiding afgebreek en ons teruggebring in **gemeenskap** met die Vader.

Daarom skryf Paulus:

*"Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom." Kol. 2:6*

Met ander woorde: soos ons deur genade ontvang het, behoort ons ook deur genade te leef. Ons kan nie die vergifnis van God ontvang en terselfdertyd weier om ander te vergewe nie. Die lewe wat ons ontvang het, vra nou om uitgeleef te word.

**Die eerste vrug van God se liefde**

Ware volgelinge van Jesus Christus is nie net ontvangers van God se liefde nie; hulle word draers én vrystellers daarvan. Die eerste bewys dat die liefde van God deur die Heilige Gees in ons harte uitgestort is, word sigbaar in ons bereidheid om ander volkome te vergewe en vry te spreek. Liefde wat nie kan vergewe nie, het nog nie sy volle werk in ons gedoen nie. Toe Petrus op 'n dag na Jesus toe kom, het hy waarskynlik gedink hy kom met 'n goeie riglyn vir vergifnis.

Matthéüs 18:21-22 vertel:

*"Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe."*

Petrus het waarskynlik verwag dat Jesus hom sou gelukwens vir sy ruimhartigheid. Volgens die Joodse gebruik was drie keer reeds baie. Petrus verdubbel dit en voeg nog een by. Maar Jesus skuif die hele gesprek weg van getalle na **gesindheid.**

In die Skrif dra getalle dikwels simboliese betekenis. Die getal sewe verteenwoordig volheid, volkomenheid of goddelike volmaaktheid. Jesus stel dus nie 'n nuwe rekensom op waar ons ná vierhonderd-en-negentig keer kan ophou vergewe nie. Hy openbaar dat vergifnis die gesindheid van God self weerspieël, 'n vergifnis wat nie tel nie, maar liefhet; wat nie boekhou nie, maar vryspreek; wat nie vashou aan die verlede nie, maar ruimte maak vir genesing en herstel.

**Die wortel van bitterheid en die tronk van onvergewens-gesindheid**

Nadat Jesus Petrus geleer het dat vergifnis nie 'n saak van getalle is nie, maar van 'n hart wat deur God se liefde verander is, word ons

gekonfronteer met een van die grootste vyande van geestelike volwassenheid: bitterheid. Bitterheid ontstaan selde oornag. Dit begin gewoonlik met 'n wond wat nie behoorlik genees het nie. Iemand het jou teleurgestel, verraai, misbruik, misverstaan of onregverdig behandel. Die gebeurtenis self was pynlik, maar wanneer daardie pyn nie aan God oorgegee word nie, begin dit stadig wortel skiet. Soos 'n klein boompie wat ongemerk onder die grond sy wortels uitbrei, groei bitterheid stilweg totdat dit uiteindelik die hele lewe begin beïnvloed.

Die tragedie van bitterheid is dat dit nooit alleen kom nie. Dit vestig homself eers in die geheue voordat dit jou hele wese begin oorheers. Elke keer wanneer die herinnering aan die onreg opgeroep word, word die wond weer oopgekrap. Die verlede word nie meer iets wat gebeur hét nie; dit word iets wat elke dag weer beleef word. Die mens leef dan nie meer in die hede nie, maar word gevange gehou deur die pyn van gister.

Neem byvoorbeeld iemand wat jou diep seergemaak het. Miskien was dit 'n familielid, 'n vriend, 'n huweliksmaat of 'n sakevennoot. Aanvanklik dink jy dat tyd alles sal genees. Maar sonder vergifnis genees tyd selde; dikwels gee dit bloot langer geleentheid vir bitterheid om sterker te word. Die gedagtes begin al hoe meer draai rondom wat gebeur het. Jy herhaal die gesprekke in jou geheue. Jy dink aan wat jy anders moes gesê het. Jy verbeel jou hoe die persoon uiteindelik gaan kry wat hy verdien. Sonder dat jy dit besef, word jou gedagtewêreld gevul met 'n voortdurende gesprek met iemand wat nie eens teenwoordig is nie.

Die ironie is dat die persoon wat jou seergemaak het, dikwels rustig met sy lewe aangaan, terwyl jy self die las van daardie seerkry dag ná dag dra. Onvergewensgesindheid word daarom 'n tronk waarin die gevangene self die sleutel vashou. Solank jy aan die pyn vashou, bly jy emosioneel verbind aan die persoon wat jou seergemaak het. Jy dink jy straf hom deur hom nie te vergewe nie, maar in werklikheid straf jy jouself. Bitterheid hou die wond lewendig, terwyl vergifnis die deur oopmaak vir die Heilige Gees om genesing te bring.

**Die rolprent wat nooit ophou speel nie**

'n Mens kan bitterheid vergelyk met iemand wat elke dag na dieselfde rolprent kyk. Die verhaal verander nooit nie. Die karakters bly dieselfde. Die pyn bly dieselfde. Maar elke keer wanneer die rolprent weer afgespeel word, beleef die kyker die emosies opnuut. Die liggaam reageer asof die gebeurtenis weer op daardie oomblik plaasvind. Woede, hartseer, teleurstelling en wraakgedagtes word telkens weer wakker gemaak.

Baie mense leef presies so. Hulle speel die gebeure van die verlede oor en oor in hul gedagtes af. Hulle hoor weer die woorde wat gespreek is. Hulle sien weer die gesigte. Hulle beleef weer die vernedering, die verwerping of die verlies. So word die verlede

**PERSOONLIKE NOTAS**

Mark Twain gesê:

*"Forgiveness is the fragrance that the violet sheds on the heel that has crushed it."*

voortdurend in die hede ingevoer. Die wond kry nooit kans om toe te gaan nie, omdat dit elke dag weer oopgekrap word.

Wat nog erger is, is dat hierdie innerlike *"rolprent"* soms 'n vreemde gevoel van selfregverdiging begin skep. Die mens begin glo dat sy bitterheid geregverdig is omdat die onreg werklik was. En inderdaad, baie mense het verskriklike onreg beleef. Jesus vra ons egter nooit om te maak asof die onreg nie gebeur het nie. Hy vra ons om die oordeel aan Hom oor te laat. Vergifnis ontken nie die waarheid van die pyn nie; dit bevry ons van die mag wat daardie pyn oor ons gekry het.

**Wanneer bitterheid van geslag tot geslag oorgedra word**

Nog 'n gevaar van onvergewensgesindheid is dat dit selde by een persoon eindig. Bitterheid het die vermoë om soos 'n erfporsie van een geslag na die volgende oor te gaan. Kinders leer immers nie net deur wat hulle hoor nie, maar ook deur wat hulle by hul ouers waarneem. As die benadeelde persoon elke dag oor sy woede praat, aanhoudend sy kinders vertel hoe hy eendag gaan *"terugbetaal,"* hoe die ander persoon moet boet en hoe niemand ooit weer vertrou kan word nie, plant hy saad in die harte van sy kinders. Hulle het self nooit die verraad beleef nie, maar hulle begin die bitterheid erf. Hulle leer om wantrouig te wees. Hulle leer om mense op 'n afstand te hou. Hulle leer dat vergelding belangriker is as vergifnis. So word 'n wond wat deur een geslag opgedoen is, die emosionele bagasie waarmee die volgende geslag grootword.

Dit is juis waarom die Evangelie so bevrydend is. Jesus het nie net gekom om individuele sondes te vergewe nie; Hy het gekom om kettings te verbreek. Hy bring 'n nuwe begin waar die verlede nie langer die toekoms hoef te beheer nie. Wanneer een persoon kies om werklik te vergewe, eindig die kringloop van bitterheid by hom. Sy kinders erf dan nie sy wraak nie, maar sy vryheid. Hulle leer dat liefde sterker is as haat, dat genade sterker is as vergelding en dat Christus se Kruis groter is as enige onreg wat 'n mens ooit kan beleef. Vergifnis verander daarom nie net die lewe van die persoon wat vergewe nie; dit verander dikwels die geestelike nalatenskap van 'n hele familie. Die besluit van een mens om die verlede in God se hande te plaas, kan 'n nuwe toekoms vir geslagte ná hom oopmaak.

**Die familie van bitterheid**

Bitterheid reis selde alleen. Soos 'n boom wat diep wortels ontwikkel en mettertyd talle takke voortbring, so bring bitterheid ook ander verkeerde gesindhede voort. Paulus waarsku daarom baie ernstig in Efésiërs 4:31:

*"Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid."*

Let op dat Paulus nie sê sommige van hierdie dinge moet verwyder word nie. Hy sê alle bitterheid moet **verwyder** word. Die rede

**PERSOONLIKE NOTAS**

Wanneer ons aanhou om die verlede te herleef, begin die bitterheid uiteindelik ons hele persoonlikheid vorm.

Mense word agterdogtig. Hulle vertrou niemand meer nie. Hulle raak maklik geïrriteerd. Hulle interpreteer nuwe situasies deur die bril van ou wonde.

Die seerkry van gister begin die besluite van vandag bepaal. Só steel bitterheid nie net vrede nie; dit steel ook die toekoms.

hiervoor is eenvoudig: bitterheid is soos **suurdeeg.** Dit versprei totdat dit uiteindelik elke deel van die mens se lewe beïnvloed. Dit verander die manier waarop ons dink, praat, reageer en mense behandel. Wat eens net 'n enkele wond was, word later 'n leefwyse.

Woede is dikwels die eerste kind van bitterheid. Dit is die emosionele ontploffing wat fisiese of verbale skade wil aanrig. Wanneer woede egter nie onmiddellik hanteer word nie, verander dit mettertyd in toorn. Toorn is nie noodwendig 'n harde uitbarsting nie; dit is dikwels 'n stil, diep woede wat in die hart broei. Dit openbaar homself in 'n skerp stemtoon, sarkastiese opmerkings of 'n koue houding teenoor ander. Die mens glimlag dalk uiterlik, maar binne-in hom brand daar steeds 'n vuur. Wanneer hierdie vuur nie geblus word nie, word dit later geskreeu en rusies. Die persoon begin sy seer op almal rondom hom uithaal. Dikwels is dit nie eens die oorspronklike oortreder wat die uitbarsting beleef nie, maar die huweliksmaat, die kinders, kollegas of goeie vriende. Die wond wat deur een persoon veroorsaak is, begin nou baie ander mense seermaak.

Daarna volg lastering en skinder. Bitterheid probeer homself altyd regverdig. Daarom voel dit goed om die persoon wat jou seergemaak het, by ander af te breek. Die Verklarende Handwoordeboek beskryf laster as om iemand se goeie naam agter sy rug skade te berokken. Die persoon teen wie gepraat word, kry geen geleentheid om homself te verdedig nie. Vir 'n oomblik voel dit asof hierdie woorde verligting bring, maar in werklikheid voed dit net die bitterheid verder. Die laaste lid van hierdie familie is boosheid. Boosheid is die punt waar die hart nie meer net seergekry het nie, maar nou doelbewus wil terugbetaal. Genade verdwyn. Medelye verdwyn. Die begeerte om te seën maak plek vir die begeerte om te straf. Só verander 'n mens wat eens self 'n slagoffer was, uiteindelik in iemand wat ander begin seermaak.

**Hoe word bitterheid oorwin?**

Die vraag ontstaan nou vanself: Hoe doen 'n mens dit? Die antwoord lê nie in sterker wilskrag nie. Baie mense het al probeer om bitterheid eenvoudig weg te druk. Hulle glimlag uiterlik, maar binne-in leef die pyn steeds voort. Ander probeer vergeet, maar ontdek gou dat tyd alleen nie die hart genees nie. Die oplossing lê daarin om die bron van bitterheid weg te neem. Wat is die bron? Liefdeloosheid en onvergewensgesindheid.

Wanneer die bron verdwyn, verloor bitterheid sy voedingsbron. Daarom is vergifnis nie bloot 'n mooi Christelike idee nie; dit is die middel waardeur God die wortel van bitterheid uit ons harte verwyder. Dit beteken nie dat vergifnis maklik is nie. Soms vra dit 'n mens om die diepste wonde van jou lewe aan God oor te gee. Tog vra die Here nooit iets waarvoor Hy nie self die krag gee nie. Paulus sê immers dat Christus *"die krag en wysheid van God"* is (1 Kor. 1:24). Die Een wat in ons woon, stel ons in staat om te doen wat uit onsself onmoontlik sou wees.

## PERSOONLIKE NOTAS

**"Verwyder"** beteken meer as om te probeer.

Wanneer Paulus sê dat hierdie dinge *"verwyder"* moet word, gebruik hy doelbewus sterk taal. Die Griekse woord dui nie op 'n sagte poging of 'n geleidelike vermindering nie. Dit dra die gedagte van iets wat met besliste optrede uit die huis verwyder word. Dit is asof 'n ongewenste indringer met krag by die voordeur **uitgesmyt** word, waarna die deur agter hom gesluit en gesluit gehou word.

Dit is waarom Paulus nie sê: *"Bid dat bitterheid eendag sal verdwyn,"* of: *"Probeer maar so goed as moontlik om minder bitter te wees,"* nie. Nee, hy sê dit moet verwyder word.

Waarom so radikaal?

Omdat bitterheid nooit bereid is om vreedsaam saam met Christus in dieselfde hart te woon nie. Waar bitterheid toegelaat word om te bly, begin dit stadig maar seker die vreugde, vrede en liefde van God verdring. Daarom vra die Here van ons 'n doelbewuste besluit. Soos 'n mens 'n giftige slang uit jou huis sou verwyder sonder om daaroor te onderhandel, so moet bitterheid ook uit die hart verwyder word.

**PERSOONLIKE NOTAS**

Die Christelike lewe begin nie by ons eie vermoë om beter mense te wees nie; dit begin by Christus wat in ons kom woon. Van daardie dag af is ons op ‘n ontdekkingstog. Elke dag ontdek ons iets meer van die rykdom wat reeds in Hom aan ons gegee is. Soos Paulus skryf:

*“Soos julle dan Christus Jesus, die Here, aangeneem het, wandel so in Hom.” Kol. 2:6*

Wanneer ons in Hom wandel, ontdek ons dat vergifnis nie ‘n swaar las is nie, maar een van die mooiste uitdrukkings van Sy lewe in ons.

Filippense 1:6 herinner ons verder daaraan dat Hy wat die goeie werk in ons begin het, dit ook sal voltooi. Die weergeboorte was die begin van hierdie werk; heiligmaking is die voortgaande herstel van ons siel totdat die beeld van Christus al hoe duideliker in ons sigbaar word.

**Ambassadeurs van versoening**

Paulus beskryf Christene as ambassadeurs van die versoening. ‘n Ambassadeur verteenwoordig nie sy eie belange nie; hy verteenwoordig die regering wat hom gestuur het. Net so verteenwoordig ons nie meer die koninkryk van die eie-ek nie, maar die Koninkryk van God.

Wanneer ons mense vergewe, spreek ons nie bloot iemand vry nie; ons openbaar die karakter van ons Koning. Ons antwoord haat met liefde, onreg met genade en beskuldiging met vergifnis. Só word die vyand se plan verydel, want sy grootste strategie is om mense deur onvergewensgesindheid aan mekaar gebind te hou. Elke keer wanneer jy kies om te vergewe, word nog ‘n skakel van daardie ketting gebreek.

Word daarom, soos Paulus ons oproep, ‘n uitsmyter. Moenie bitterheid, woede, toorn of lastering in jou hart laat tuisgaan nie. Gooi hulle by die deur uit en sluit die deur agter hulle. Vul daardie plek eerder met die liefde van Christus. So word die proses van vernuwing voltooi en begin die lewe van Jesus al hoe helderder deur jou skyn.

**Opsomming**

Vergifnis is veel meer as ‘n emosionele besluit of ‘n godsdienstige plig. Dit is die sigbare bewys dat die liefde van God deur die Heilige Gees ons harte verander het. Bitterheid hou die mens gevange aan die verlede, maar vergifnis breek daardie kettings en maak ruimte vir die genesende werk van God.

Hoe langer ons aan die onreg vashou, hoe langer laat ons toe dat die verlede ons hede beheer. Wanneer ons egter kies om te vergewe, word die wond nie ontken nie; dit word aan Christus oorgegee, sodat Hy die gif uit die herinnering kan verwyder.

Die proses van vergifnis beteken ook nie dat die ander persoon altyd verander of om verskoning vra nie. Dit beteken dat ons kies om nie langer onder die heerskappy van bitterheid te leef nie. Die Heilige Gees stel ons in staat om die karakter van Christus te openbaar, selfs waar die natuurlike mens sou kies vir wraak of vergelding.

Só word ons ware ambassadeurs van die versoening en draers van God se liefde in ‘n wêreld wat desperaat daarna smag.

**Besprekingsvrae**

1. Wat beteken die uitdrukking: *"Yster slyp yster?"*

2. Waarom laat God moeilike mense soms in ons lewens toe?

3. Wat beteken versoening?

4. Wat bedoel Jesus met *"sewentig maal sewe?"*

5. Waarom hou bitterheid 'n mens gevange?

6. Hoe kan bitterheid na die volgende geslag oorgedra word?

7. Watter *"familie"* bring bitterheid voort volgens Efésiërs 4:31?

8. Wat beteken die woord *"verwyder"* in Efésiërs 4:31?

9. Hoe kry 'n mens die krag om werklik te vergewe?

10. Waarom is vergifnis onmisbaar vir geestelike volwassenheid?

**Besprekings Antwoorde**

1. Dit beteken dat God dikwels mense en moeilike omstandighede gebruik om ons karakter te vorm. Soos yster deur wrywing skerper word, gebruik die Here uitdagende verhoudings om alles wat nie die beeld van Christus weerspieël nie, uit ons lewens weg te slyp.

2. Omdat Sy doel nie ons gemak is nie, maar ons geestelike volwassenheid. Deur moeilike mense leer ons geduld, nederigheid, liefde, selfbeheersing en vergifnis, sodat ons al hoe meer aan die beeld van Christus gelykvormig word.

3. Versoening beteken dat die vrede tussen God en die mens deur Jesus Christus herstel is. Omdat ons met God versoen is, behoort ons ook as mense van vrede te leef en dieselfde genade en vergifnis aan ander te bewys.

4. Jesus stel nie ‘n getal vas wat getel moet word nie. Hy leer dat vergifnis volkome, onvoorwaardelik en voortdurend deel van die Christen se lewe moet wees, net soos God se vergifnis teenoor ons volkome is.

5. Bitterheid hou die wonde van die verlede lewendig. Dit veroorsaak dat die mens voortdurend die pyn herleef en sy lewe deur ou seerkry laat beheer. Solank bitterheid bly, bly ware vrede en vryheid buite bereik.

6. Wanneer ouers hul onvergewensgesindheid, haat of wraakgedagtes voortdurend uitspreek, leer kinders dieselfde gesindheid aan. Bitterheid word dan deel van hul verwysingsraamwerk en beïnvloed hul eie verhoudings.

7. Bitterheid bring woede, toorn, geskreeu, lastering en uiteindelik boosheid voort. Hierdie gesindhede vernietig verhoudings en verhinder dat die liefde van Christus deur ons sigbaar word.

8. Die Griekse betekenis dui op ‘n doelbewuste, radikale optrede waarin bitterheid en sy familie uit die hart *“uitgesmyt”* word. Dit is nie iets waarmee onderhandel word nie, maar iets wat volkome afgesny moet word.

9. Nie deur eie wilskrag nie, maar deur die inwonende Christus. Die Heilige Gees stel ons in staat om te doen wat uit onsself onmoontlik is en laat die liefde van God sterker word as ons pyn.

10. Omdat niemand die beeld van Christus kan weerspieël terwyl bitterheid sy hart beheer nie. Vergifnis bring vryheid, herstel gemeenskap met ander en laat die liefde van God sigbaar word in ons denke, woorde en optrede. Dit is een van die duidelikste bewyse dat Christus werklik Sy lewe in en deur ons leef.